Is die Bybel 'n man se boek?

Het u geweet dat Joodse vroue, in die tyd wat die Bybel geskryf is, nie kon lees en skryf nie. Joodse vroue in daardie tyd was ongeletterd en was nie toegelaat om opvoeding te ondergaan nie. Daarom was die Bybel se skrywers almal mans, asook die Bybel lesers.

Slegs mans het volle lidmaatskap binne die Joodse samelewing geniet en vroue was gesien as 'tweede klas' burgers, tesame met kinders en slawe. Die Wet, en as't ware die hele Ou Testament, was gerig aan mans alleen. Mans was in alle geval die enigstes wat die Bybel kon lees en interpreteer.

So ons kan waarlik sê die Bybel is `n boek wat deur mans, vir mans, en oor mans geskryf is. Vir die grootste gedeelte verskyn vroue net in die Bybel in ondergeskikte rolle, of om mans se posisie verder op te bou.

Die Bybel se skrywers was deur God geïnspireer om `n spesifieke boodskap te skryf, byvoorbeeld oor die noodsaaklikheid van liefde vir mekaar, of die behoefte aan meegevoel en vergifnis. Maar hierdie skrywers was mans, gebonde aan hulle kultuur van daardie tyd. Daarom het hulle oor vroue geskryf soos wat die samelewing se opvattings oor vroue was.

Hulle ondervinding van vroue was gekleur deur manlike vooroordeel en onkunde. Die Joodse kultuur in daardie dae was 'patriargies'. Dit wil sê, manlike oorheersing en vroulike onderdanigheid was `n aanvaarbare praktyk en vroue was gesien as minder belangrik teenoor mans.

Die taak vir Christen vroue vandag is om die versteekte stories van vroue in die Bybel uit te lig en om dit te lees vanuit `n vrou se oogpunt. Ons moet leer om 'tussen die lyne te lees', en ons verbeelding en kreatiwiteit te gebruik in `n poging om ons voormoeders in die Bybel te identifiseer en op die voorgrond te plaas.

Die soeke om 'die hele waarheid' te ontdek, is ook Christen vroue se taak, veral in gemeenskappe en kerke wat uit voeling is met die vroulike deel van die skepping.

`n Oefening om "Die Bybel vanuit `n Vrou se Oogpunt" te ontdek:

In klein groepe: Die groep kies een van die Bybelse verwysings hieronder. Lees die storie saam. Dink daaroor. Herskryf of hervertel die storie dan vanuit `n vrou se oogpunt.

<u>TEKS:</u>

1) Koningin Vasti - Ester 1:1-21
2) Die owerspelige vrou - Johannes 8:2-11
3) Die vrou met bloedvloeiing - Lukas 8:42-48
4) Johanna, vrou van Gusa - Lukas 8:1-3

<u>NEEM IN AANMERKING:</u>

In elke storie, wat dink jy voel die vrou, dink sy, hoop sy, sê sy of doen sy? STEL JOU VOOR JY IS DIE VROU IN ELKE STORIE. GEBRUIK JOU VERBEELDING OM DIE VROUE WEER TE LAAT HERLEEF. VERTEL NOU DIE STORIE VANUIT JOU OOGPUNT.

Elke vrou in die groep kry nou `n beurt om haar gevoelens oor die storie met die ander te deel. So kan u voortgaan met ander tekste in die Bybel wat oor vroue handel.

(Hierdie artikel kom uit Choose Life, `n hulpboek vir Christen Vroue-Groepe. Dit kan bestel word deur `n tjek van 3 US Dollars te stuur aan: Jacqueline Dorr
PO Box 21452
Nairobi, Kenya.
Die boek is egter net in Engels beskikbaar, maar is baie eenvoudig geskryf. Vra by `n bank hoe u 3 US Dollars (US $3,00) kan koop. Dit is ongeveer R9,00.)